April 2022

VIR AANDAG: Die Skoolhoof

Uitnodiging na gratis debatswerkwinkels en -toernooi

Die trusteelede van die Historium Trust en die bestuur van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument het die behoefte geïdentifiseer om ’n debatswerkwinkel en -toernooi in die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit te loods om leerders te bemagtig en Afrikaans te bevorder.

Hoërskoolleerders in dié gebied word dus uitgenooi om deel te neem aan die gratis Afrikaanse debatswerkwinkels en -toernooi in Julie en September vanjaar (sluitingsdatum vir inskrywings is egter op Vrydag, 22 April 2022).

Die doel is om leerders d.m.v. werkwinkels en ’n konstruktiewe omgewing die volgende vaardighede te help aanleer:

- Kundigheid
  - Pre-luister (aktiveer agtergrondkennis)
  - Tydens luister (vraagstelling, herkenning, soek verbande, maak aantekeninge, interpretasies)
  - Post-luister (vra vrae, bespreek spreker se standpunt, maak afleidings, evalueer, gee eie menings en reageer krities)
- Voorbereiding en aanbieding
  - Navorsing en organisering
  - Praat direk tot die gehoor
  - Verwys na relevante bronne wat geraadpleeg is
  - Gebruik effektiewe inleiding en maak ’n sinvolle gevolgtrekking

DATUM	**Donderdag, 27 Oktober 2022**
PLEK	Historium Konferensiesaal, Pastorielaan 11, Paarl
TYD	16:00 tot ongeveer 20:00 (Deelnemers meld asb. reeds om 15:30 by die lokaal aan)
DRAG	Deelnemers moet skooldrag dra

Aangeheg hierby is die inskrywingsvorm. Kontroleer asseblief of deelnemers se name en vanne korrek gespel is.

Sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag, 22 April 2022.

Daar sal ook twee werkwinkels aangebied word wat in Julie en September 2022 sal plaasvind. Bywoning by een van hulle is verpligtend vir alle deelnemers. Die datums en lokaal sal later bekend gemaak word.

Inskrywings moet aan Amila Ernstzen by info@historium.co.za (e-pos) of 021 871 1106 (faks) gestuur word. Vir verdere inligting, kontak ook vir haar.

Vriendelike groete,
Amila Ernstzen
Historium Trust